higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISSIONELE TAAL
(Eerste vraestel)
NKR VLAK 4

2 NOVEMBER 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEES EN KYK

Nasienriglyne vir die begripstoets.

- Geen penalisering vir spel- en taalfoute nie.
- Geen penalisering waar antwoorde nie in volsinne geskryf is nie.
- Geen woord in ’n ander taal word as antwoord aanvaar nie. Indien die woord(e) egter geïgnoreer word en dit beïnvloed nie die betekenis van die antwoord nie, word die antwoord as korrek aanvaar.
- Waar die antwoord in meer as een sin aangebied word, maar tog tot die antwoord lei, is dit korrek.
- Indien twee of meer feite vereis word, word slegs die eerste twee of meer feite in volgorde nagesien.
- Spesifieke opdragte soos bv. **EEN WOORD, OPEENVOLGENDE WOORDE, 'N SINSDEEL, EEN SIN** moet uitgevoer word. Die kandidaat mag een woord in 'n sin aanbied:

Die een woord is …
Die woord wat dit vir ons sê, is …

- Geen penalisering indien aanhalingstekens in aanhalings ontbreek nie.
- Geen penalisering indien die antwoord ’n direkte aanhaling is nie.
- Waar/Ja/Onwaar/Nee vrae:

eerste deel korrek en motivering verkeerd/ontbreek (1)
eerste deel verkeerd en motivering verkeerd (0)
eerste deel ontbreek en motivering korrek (0)

VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

TEKS A: Ingegrendel sedert 1978. Maar vry!
[Bron: Verwerk uit *Rapport, 3 Januarie 2021*]

VRAAG	MEMORANDUM		PUNT
1.1	1.1.1	Die woord is in Engels✓	1
	1.1.2	'inperking'✓	1
	1.1.3	grendeltyd	1
1.2	C alle aksies binne Julius se liggaam plaasvind.✓		1

1.3	1.3.1	'n Mens kan ingeënt✓ word teen die COVID-19 virus, wat hopelik die werking van die virus sal stop.✓ Daar is egter nie 'n entstof wat Julius se fisieke toestand kan beëindig nie./Niks kan gedoen word om Julius se toestand te keer nie. (Iets soortgelyks)	2
	1.3.2	'Gestremdheid is onlosmaaklik deel van my, ...'	1

1.4	1.4.1	'e-pos-gesprek'✓	1
	1.4.2	Dit is fisies moeilik vir Julius om vir die onderhoud op te daag./Moontlik is die onderhoudvoerder en Julius nie in dieselfde dorp of stad nie, en is dit moeilik om fisies by mekaar uit te kom.✓ A.g.v. COVID-19 word direkte kontak tussen mense beperk en is dit dus beter om die onderhoud per e-pos te voer.✓ (Iets soortgelyks – een punt vir elke rede)	2
1.5	1.5.1	Normaal is 'n relatiewe begrip.✓ Dit beteken nie noodwendig dieselfde vir almal nie. Wat normaal is vir een persoon, is nie noodwendig vir 'n ander persoon nie normaal. (Iets soortgelyks)	1
	1.5.2	'skerts'	1
1.6	1.6.1	ONWAAR ✓ 'Ek is hul eindeloos dankbaar ...'✓	2
	1.6.2	WAAR ✓ 'die kognitiewe deel van sy brein is nie aangetas nie,' ✓	2
1.7	pre- beteken voor✓		1
1.8	1.8.1	Iemand wat 'n pad oopmaak✓/'n voorloper/iemand wat met iets (groots) begin. (Iets soortgelyks)	1
	1.8.2	Sy pa het met die geboortes van babas gewerk, maar kon nie by sy geboorte wees nie, en kon hom dus nie help nie.✓	1
	1.8.3	'n Dokter wat met vrouesiektes en babas se ontwikkeling en geboortes werk.	1
1.9	1.9.1	Metafoor✓	1
	1.9.2	Danksy tegnologie kan hy meer vryheid geniet om te kommunikeer en homself uit te druk.✓	1
	1.9.3	7 jaar✓	1
	1.9.4 (a)	WhatsApp✓	1
	1.9.4 (b)	Mense verstaan hom moeilik wanneer hy oor die selfoon praat.✓	1

Kopiereg voorbehou

1.10	1.10.1	Ja/Nee Eie siening (Geen punt vir ja/nee nie. Slegs punt vir aanvaarbare rede)	1
	1.10.2	Ja: Dit help altyd indien jy die snaakse in 'n situasie raaksien.✓ **OF** Nee: Dit is 'n baie moeilike situasie om in te wees, niks kan dit beter maak nie.✓ (Iets soortgelyks – Geen punt vir ja/nee nie. Slegs punt vir aanvaarbare rede)	1
1.11	1.11.1	Vergelyking✓	1
	1.11.2	Hy word omring/beskerm deur die mense wat hom ondersteun.✓ (Iets soortgelyks)	1
1.12	Mening ✓ 'staar mense na hom sonder om gemoeid te raak.'		2
1.13	1.13.1	Letterlike betekenis: Wanneer een van hulle huil, vee die ander een sy trane af.✓ Figuurlike betekenis: Hulle staan mekaar by, ondersteun mekaar, troos mekaar.✓	2
	1.13.2	'omsieners'✓	1
1.14	Julius se gestremdheid definieer hom nie./Hy laat nie toe dat sy gestremdheid sy hele persoonlikheid oorneem nie.✓		1
			[35]

VRAAG 2: BRIEF AAN DIE PERS

2.1	2.1.1	Internet✓/E-pos	1
	2.1.2	'Stuur briewe aan: briewe@beeld.com'✓	1
2.2	Verklaring/Lug jou opinie✓		1
2.3	WAAR✓ 'hoef nie 'n duit agteruit te staan vir enige taal nie'✓ / '... is daar 'n geskikte eweknie'		1 1
2.4	Feit✓ 'het onmiddellik op ons tong geval' ✓		1 1

2.5	2.5.1	Jy beweeg weg wanneer iemand naby jou hoes./Jy koes wanneer iemand naby aan jou hoes.✓ (Iets soortgelyks)	1
	2.5.2	Noodsaaklike goedere wat tydens die inperking steeds gekoop moes word.✓ (Iets soortgelyks)	1
2.6	beurtkrag✓		1
2.7.1	Figuurlik✓		1
2.7.2	Afrikaanssprekendes gebruik Engelse woorde soos die Engelstaliges./Ons na-aap die Engelstaliges met die gebruik van Engelse woorde.✓ (Iets soortgelyks)		1
2.8	Aikona✓		1
2.9	2.9.1	Daar is nie 'n opeenhoping van vokale nie. Dit is nie moeilik om die woord te lees of uit te spreek nie. ✓ (Iets soortgelyks)	1
	2.9.2	Die skrywer voel sterk daaroor, daar is emosie betrokke.✓	1
			[15]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: PRÉCIS

VRAAG 3: TYDSKRIFARTIKEL

Moontlike antwoord

MET LIEFDE ... AAN MYSELF

Dis goed om jouself **beter te leer** ken. Stel jou standaarde en **grense**. **Vergewe** ander en jouself ter wille van jou fisieke en geestelike gesondheid. Ontdek jou **lewensdoel** en leef met **passie**. Leef vir vandag. Moenie bang wees om **nuwe dinge** te probeer nie. Vergeet van verkeerde dinge wat in die verlede gebeur het./**moenie jouself vir alles blameer nie**. Wees positief in jou uitkyk op die lewe en soek **positiewe mense** op. (67 woorde)

[Hoofgedagtes mag nie herhaal word nie. Indien wel, sien slegs een maal na.]

ASSESSERINGSRIGLYNE

ALGEMEEN

Lees die hele précis om 'n geheelindruk te kry.

- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien beplanning wel gedoen is, moet dit duidelik aangedui wees.
- Indien nie aangedui nie, word die eerste précis nagesien.
- Indien die précis te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. **Die res van die** précis **word geïgnoreer.**
- Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie.**
- Kandidate mag nie afkortings in hulle précis gebruik nie. Indien afkortings in die précis voorkom, word elke afkorting getel volgens die aantal woorde wat dit voorstel.
- Woordtelling moet aangedui word. (sien stap 2)

PUNTE WORD SOOS VOLG TOEGEKEN

Stap 1: Feite (Inhoud): 14 punte (2 punte per feit)
Stap 2: Aantal woorde aangedui: 1 punt
Stap 3: Formaat: 1 punt
Stap 4: Taal: 4 punte (sien stap 4)
Stap 5: Aanhalings (sien stap 5)

DUI DIE PUNTE SÓ AAN:

Feite (14) + Woorde (1) nie aangedui nie (-1)
Formaat (1)
Taal (-0/1/2/3/4) Aanhaling (-0/1/2)
= TOTAAL 20 punte

STAP 1: FEITE (14 punte)

- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte. ('n Volsin het 'n werkwoord). Sewe feite, 2 punte elk.

STAP 2: AANTAL WOORDE 1 punt (of -1 indien nie aangedui nie)

- Kandidate MOET die **korrekte** aantal woorde aandui.
  Indien die kandidaat nalaat om die aantal woorde aan te dui of die aantal woorde is verkeerd aangedui, penaliseer **met een punt** aan die einde.

STAP 3: FORMAAT 1 punt of (-1 indien foutief)

- Kandidate moet die précis in die vereiste formaat aanbied – in volsinne en paragraafvorm

Kopiereg voorbehou

STAP 4: TAAL 4 punte of (-0/1/2/3/4)

- **ELKE taalfout** (grammatika, spelling en punktuasie) in **ELKE feit word aangedui (ook in verkeerde feite), daarna getel en soos volg bereken:**

Feite met taalfoute	
0 tot 4 foute:	Geen penalisering nie
5 tot 8 foute:	Trek 1 punt af
9 tot 12 foute:	Trek 2 punte af
13 tot 15 foute	Trek 3 punte af
16 foute of meer	Trek 4 punte af

TIPIESE TAALFOUTE

- Woordorde in enkelvoudige sin (bv. Onderwerp + ww. + voorwerp)
- Woordorde in saamgestelde sinne (Voegwoord 1, 2 en 3)
- Omgekeerde woordorde
- Tyd, wyse, plek
- Direkte vertaling (moedertaalinvloed)
- Dubbelnegatief
- Voornaamwoorde
- Lydende vorm
- Infinitief

STAP 5: AANHALINGS (- 0/1/2)

- Vir **direkte aanhalings** van sinne word daar soos volg van die totaal gepenaliseer:

1 tot 3 volledige sinne aangehaal:	Geen penalisering nie.
4 tot 5 volledige sinne aangehaal:	Trek 1 punt af
6 tot 7 volledige sinne aangehaal:	Trek 2 punte af

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: KYK

VISUELE TEKSTE

VRAAG 4: GRAFIKA

NR.	ANTWOORD		PUNT
4.1	4.1.1	Elektroniese handel✓	1
	4.1.2	Aanlyn inkopies het sterk toegeneem.✓	1

4.2	4.2.1	Winkelsentrums het swaar gekry tydens die inperking, terwyl aanlyn-inkopies daardeur bevoordeel is./Die skade wat winkelsentrums gely het, was tot voordeel van aanlyn inkopies.✓ (Iets soortgelyks)	1
	4.2.2	'tydelike'✓	1
4.3	Figuurlik✓ Mense ploeg nie regtig nie, maar strompel/loop vinnig deur die winkelgange.✓ (Iets soortgelyks)		1 1
4.4	R30 000 – R 39 000 per maand ✓		1
4.5	4.5.1	ONWAAR ✓ 'mense ouer as 65' ✓	1 1
	4.5.2	ONWAAR ✓ 'vraag na huisaflewerings'	1 1
4.6	Iets of iemand gaan doodgaan./Hul aangekondig.✓ (Iets soortgelyks)		1
4.7	Mense kon nie die winkels fisies besoek nie.✓ Mense was te bang om uit te gaan.✓ (Iets soortgelyks)		2
4.8	4.8.1	Hulle het nie baie geld om te bestee nie.✓ (Iets soortgelyks)	1
	4.8.2	studente✓	1
	4.8.3	Hulle kry die geld by hul ouers / donateurs /beursgeld✓	1
4.9	71%✓		1
4.10	Hoe hoër mense se opleidingsvlak, hoe meer koop hulle aanlyn.✓ (Iets soortgelyks)		1
4.11	4.11.1	'traag✓	1
	4.11.2	'gril'✓	1
4.12	4.12.1	Sandton City-winkelsentrum.✓	1
	4.12.2	Maart 2020✓	1
	4.12.3	5 jaar✓	1

Kopiereg voorbehou

4.13	4.13.1	Lugtyd✓	1
	4.13.2	Vroue- en mansklere was ewe gewild.✓	1
	4.13.3	Mense was verveeld en moes hulself by hul huise vermaak.✓ (Iets soortgelyks)	1
	4.13.4	Boeke was meer gewild as e-boeke.✓ (Iets soortgelyks)	1
4.14	Ja – Ek dink dit is baie gerieflik en jy hoef nie die winkels te besoek nie / dit spaar baie tyd. ✓✓ OF Nee – 'n Mens weet nie altyd wat jy koop nie. Soms vat die aflewerings lank / Jy kry nie altyd al die produkte wat jy soek nie. (Iets soortgelyks)		2 **[30]**

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK

FUNKSIONELE TAALGEBRUIK

VRAAG 5: ARTIKEL

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
5.1	Metafoor✓	1	beeldspraak
5.2	Suster Hilda is **soos** 'n lig, 'n ster en 'n wonderwerk✓	1	vergelyking
5.3	Mede- beteken saam✓	1	voorvoegsel
5.4.1	Figuurlik✓	1	letterlik/figuurlik
5.4.2	Die betekenis dui op moeilike tye✓ (Iets soortgelyks)	1	verklaring
5.5	Verbindings -s wat twee stamme aanmekaar voeg✓	1	verbinding
5.6	Sonder ophou/sonder pouse✓	1	Betekenis
5.7	hoësorgsaal✓	1	Samestelling
5.8	samestelling met naam (van hospitaal)✓	1	koppelteken
5.9	Benadruk die feit dat sy normaal wil aangaan✓	1	aksentteken
5.10	veiliger✓	1	trappe van vergelyking
5.11	risiko's✓	1	Meervoud

Kopiereg voorbehou

5.12	opsy✓	1	korrekte spelling
5.13	C suikersiekte het✓	1	betekenis
5.14	Werk: beroep/ taak✓ Roeping: lewenstaak/innerlike drang tot werk✓	1 1	verklaar betekenisverskil
5.15	COVID-19 virus✓	1	Betekenis
5.16	verras✓	1	korrekte woord
5.17	styf ✓	1	stam
5.18	B voorskrifte en reëls✓	1	betekenis
5.19	A variant✓	1	vertaal/korrekte woord
5.20	personifikasie✓	1	beeldspraak
5.21	persoonlike beskermende toerusting✓	1	afkorting uitskryf
5.22	Sy het gesê dat sy✓ die stem was✓ van die siekes in daardie✓ tyd van afsondering. Sy✓ kon✓ nie ophou help nie. Dié wat hulle✓ gered het✓ was✓ hul✓ motivering.	9	Indirekte rede
5.23	lafhartigheid✓	1	Antoniem
5.24	vitamine✓	1	korrekte woord
5.25	My medikasie word ook (deur my) gebruik.✓	1	lydende vorm
5.26	Ek sal✓ ingeënt wees.✓	2	toekomende tyd
5.27	Naam van publikasie✓	1	Skuinsgedruk
5.28	kollegas✓	1	Punktuasie
5.29	pasiënte✓	1	een woord

[40]

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK

VRAAG 6: MEDIA

6.1
- Gedrukte media
- Audio-visuele media
- Elektroniese media (3)

6.2
- Beskermingsmaatreëls soos kodewoorde, privaatstellings, sodat slegs goedgekeurde familielede en vriendinne na jou plasings mag kyk, kan ingestel word.
- Geen persoonlike inligting soos fisiese adresse, daaglikse roetine moet verskaf word nie.
- Geen persoonlike foto's van jou kinders nie.
- Geen naakfoto's of foto's wat jou ongemaklik sal laat voel nie. (2)

(Enige 2 × 1)

6.3.1 Aanlyn (aankope) (1)

6.3.2 Sosiale (netwerke) (1)

6.3.3 Webwerwe (1)

6.4
- Spotprente: humoristiese prente of satiriese tekening, veral in 'n tydskrif of koerant / **dryf die spot met iets of iemand**✓
- Strokiesprente: 'n **reeks** tekenprente wat 'n storie vertel,✓ gewoonlik humoristies, maar nie noodwendig nie. (2 × 1) (2)

6.5
6.5.1 E

6.5.2 J

6.5.3 B

6.5.4 G

6.5.5 A

6.5.6 H

6.5.7 C

6.5.8 I

6.5.9 F

6.5.10 D

(10 × 1) (10)
[20]

VRAAG 7: MANIPULERENDE KOMMUNIKASIEMEDIA

7.1 7.1.1
- Televisie advertensies
- Dokumentêre programme
- Rolprente (dramas, komedies, sepies)
- Televisie debatte
- Aktualitietsprogramme
- Paneelbeprekings

(enige toepaslike 4 voorbeelde) (4)

7.1 7.1.2
- Kleur
- Dialoog
- Musiek- of agtergrond
- Klankeffekte
- Verskillende kamerahoeke en -skote
- Kamerabeweging
- Beligting
- Vooropplasing en agteropplasing van visuele beelde

Redigering van filmwerk (Enige 3 × 1) (3)

7.2 7.2.1
- Skryf die titel van die breinkaart in die middel neer: Elemente van mediakommunikasie om mense te beïnvloed

- Om doelbewus steun te werf vir ‘n saak of persoon.
- Om doelbewus afbreuk te doen aan ‘n saak of persoon
- Om doelbewus eensydige nuus oor te dra
- Om mag in te win - hetsy persoonlik gewin of vir saak/party.
- Manipulsasie en vedraaiing van feite om mense van opinie te laat verander. (Enige 3 × 1) (3)

7.2 7.2.2 Om doelbewus sekere belangrike inligting uit berigte weg te laat / te verswyg of onderbeklemtoon om sodoende ‘n vals /verdraaide beeld te skep / om die gehoor so te mislei. ✓✓ (2)

7.2 7.2.3 Om doelbewus sekere belangrike inligting te beklemtoon / prominent te plaas / voor te lees om sodoende ‘n vals beeld te skep / om die gehoor so te mislei. ✓✓ (2)

7.3 7.3.1

- Konnotasies
- Vae byvoeglike naamwoorde
- Figuurlike vergelykings
- Retoriese vrae
- Oordrywings
- Herhaling van woorde of frases
- Alliterasie
- Gebruik van persoonlike voornaamwoorde

Woorde en skryfstyl wat jy dink jou leser of luisteraar sal aanspreek (3)

7.3.2 Die heerlikste sappigste hoender in die hele wêreld.
Jy sal nie sommer smaakliker hoender kry nie.
Ons is die heel goedkoopste in die hele land.
Het jy al ons hoender geproe?
Slegs die varsste bestanddele word gebruik.
(Enige toepaslike 3 voorbeelde) (3)
[20]

TOTAAL AFDELING E: 40
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou